

JAARVERSLAG 2005

DIE INSTITUSIONELE FORUM

Die Institusionele Forum (IF) is 'n adviesliggaam wat, ingevolge die Wet op Hoër Onderwys (Art. 31(1) van Wet 101 van 1997), die Raad van advies bedien oor beleidsaangeleenthede, met inbegrip van die uitvoering van die bepalings van vermelde wet en die nasionale beleid op hoër onderwys.

Die bedrywighede van die IF word hoofsaaklik deur sy drie taakgroepe – die taakgroepe vir Diversiteit en Billikheid, vir Institusionele Beplanning en vir Institusionele Kultuur – gekanaliseer. Die taakgroepe word, wanneer nodig, aangevul deur ad hoc-groepe. Taakgroepe het die opdrag om sake in diepte te ondersoek wat aan hulle toegewys is en moet by die IF daarvoor verslag doen en hulle adviseer, sodat die IF daarna weldeurdagte advies aan die Raad kan lewer.

Samestelling

Die Institusionele Forum bestaan uit agt-en-twintig lede, sewe uit elk van vier groeperinge wat soos volg saamgestel is:

Beheer- en Bestuurssektor: Twee lede van die Raad verkies deur die Raad, drie lede van die Senaat verkies deur die Senaat, een lid van die Bestuur aangewys deur die Bestuur, en die Registrateur of 'n persoon wat deur die Registrateur aangewys word.

Personeelsektor: Twee lede verkies uit eie geledere deur die permanente nie-professorale akademiese personeel, een lid uit eie geledere aangewys deur die akademiese ondersteuningsdienste, twee lede uit eie geledere verkies deur erkende vakbonde, en twee lede uit eie geledere verkies deur administratiewe ondersteuningsdienste.

Studentesektor: Twee lede van die Studenteraad verkies deur die Studenteraad, twee lede van die Primkomitee aangewys deur die Primkomitee, een lid aangewys deur die studenteverenigings, en twee lede van die Akademiese Belangeraad aangewys deur die Akademiese Belangeraad.

Gemeenskapsektor: Twee lede van die konvokasie aangewys deur die president van die konvokasie, en vyf persone uit eie geledere aangewys deur verteenwoordigende liggame van die burgerlike samelewing.

Verslag van die Institusionele Forum oor 2005 se werksaamhede

Algemeen

Die IF se werksaamhede was in die eerste helfte van 2005 gefokus op die institusionele selfevaluering en - audit. Die enkele haakplekke, veral met die skakeling met die Bestuur van die Universiteit, wat voorheen voorgekom het is aangespreek. Die verwagting is dat die fokus in 2006 meer daarop sal wees om die IF se posisie as forum, wat die US Raad van advies bedien en kommentaar op die implimentering van die Wet op Hoëronderrys, Wet 101 van 1997 deur die Bestuur van die Universiteit, behoorlik na te kom.

In die 2005-verslagjaar het die IF oor enkele aspekte advies in die vorm van formele rapporte aan die US Raad gelewer:

Die US se finale selfevalueringverslag

Die IF was bly dat sy bydraes kon lewer tot so 'n belangrike dokument. Uitvoerige kommentaar is gelewer en enkele wysigings is voorgestel waarvan die Raad kennis geneem en aan die opstellers van die verslag deurgegee het.

Heraanstelling van die Visiekanselier

Die IF het, op grond van kommentaar in die selfevalueringverslag, versoek dat die reglement rakende die aanstel van 'n visiekanselier en viserektore, indien nodig, hersien word. In reaksie hierop is die IF versoek om haar stem uit te bring oor prosedurele aspekte asook die heraanstelbaarheid van die huidige Visiekanselier. Aan hierdie versoek is voldoen.

Ten slotte

Die IF het gedurende 2005 daarop voortgebou dat die liggaam nie beskou moet word as 'n rubberstempel nie, maar eerder as 'n forum waar sake in diepte bespreek kan word. Ten einde die doel te bereik is daar gedurende Augustus, aan die einde van die termyn van meeste IF-lede, 'n selfondersoek gedoen oor die rol van die IF op kampus. Daar is besluit dat die eerste helfte van 2006 gebruik sal word om te herbesin oor die rol van die IF en, indien nodig, die nodige aanpassings te doen in die werkswyse en samestelling van die IF.

In die geheel neem die IF aktief deel aan besprekings rondom kwessies wat die US raak, en bly die uitnodiging staan dat enige persoon sake wat te make het met beleid, kultuur of beplanning aan die US, onder die IF se aandag kan bring vir debat en bespreking.

Die IF is tevrede dat hulle gedurende 2005 wel 'n sinvolle bydrae tot die werksaamhede van die Universiteit gemaak het.

Le Roux Burrows

Voorsitter